Kolonel ontsteld oor liegery voor WVK

Deur JOHAN VOSLOO: Bredasdorp

DIT ontstel hom erg. Mense lieg openlik voor die Waarheids- en Versoeningskommissie en dan word dit maar net as die waarheid gesluk, sê kol. Andrew Joubert, vorige hoof: opleiding van die Veiligheidstak van die polisie in die P.W. Botha-era.

Kol. Joubert (58) is in 1986 medies ontslaan ná ernstige hartprobleme en het hom intussen op dié Bolandse dorpie gevestig. As agent D-000 het hy in die jare sewentig aktiwiteite van onder meer die ANC en PAC in Botswana gemonitor ("Operasie Klinknael"), was ook lid van die ou Buro van Staatsveiligheid (BOSS) en later Nasionale Intelligensie, en het op die regering se Koördinerende Inligtingskomitee (KIK) gedien.

Wat hom nou laat besluit het om bors skoon te maak, is die onlangse bewerings oor die dood van Ahmed Timol, die Roodepoortse Indiër wat in 1971 wêreldnuus was toe hy van die tiende verdieping van die John Vorster-polisiehoofkwartier in Johannesburg na sy dood geval het. Daar is gesê dat hy gemartel is. Sy hare, vinger- en toonnaels sou glo uitgetrek gewees het toe die lyk aan die familie besorg is.

Kol. Joubert was die hoofondervraer van die ANC-aktivis en was die laaste een wat hom kort voor sy dood ondervra het. Hy sê hy weet waarvan hy praat:

"Timol is toevallig in 'n padversperring aangekeer. Binne-in sy kar het ons ANC-pamflette gekry wat in die buiteland gedruk is. Ons het ook op 'n stukkie papier met 'n adres in Breestraat, Johannesburg, afgekom.

KOL. ANDREW JOUBERT . . . dit ontstel hom erg dat mense openlik voor die Waarheids- en Versoeningskommissie lieg.

"Ons het vasgestel wie die betrokke persoon ('n Britse immigrant) was, maar kon hom nie aan ondermynende aktiwiteite koppel nie. Timol wou intussen niks sê nie. Die dag van sy dood het ek hom op die tiende verdieping met die naam gekonfronteer. Ek is af na die negende verdieping om 'n legger te gaan haal en het Timol in die sorg van 'n ander polisieman gelaat.

"Toe ek op die negende verdieping kom, hoor ek Timol het gespring. Ek het uitgekyk en sy lyk onder in die tuin sien lê. Toe ek by hom kom, was hy heel. Net skraapmerke aan sy regterskouer, waar 'n struik hom moes gekrap het. Hy was kaalvoet. Sy toonnaels en vingernaels was nie uitgetrek nie. Ook nie sy hare nie," sê kol. Joubert.

Hy sê valse persepsies, soos oor die "marteling" van en "moord" op Timol, word die wêreld ingestuur. Wat hom betref, het Timol selfmoord gepleeg deur deur die hogerige oop venster te duik.

Kol. Joubert sê hy het sit en wag dat van sy kollegas op dié soort bewerings reageer, maar hy het niks gelees nie. Nou praat hy.

'n Ander algemene afleiding wat gemaak word, sê kol. Joubert, is dat daar opdragte van politieke leiers en generaals moes uitgegaan het om politieke teenstanders te vermoor en dat hulle moes geweet het van die vergrype van die veiligheidsmagte.

"Dis bisar om vir (oud-pres.) F.W. de Klerk te vra hoe dit dan is dat hy alles weet wat in die ANC se strafkampe aangegaan het, maar oningelig kon wees oor operasies van sy eie veiligheidsmagte."

Die feit is dat nóg regeringshoofde nóg die generaals op die ou end in beheer is van die veldwerker. Inligting wat die veldwerker versamel, beland egter wel op sy lessenaar. Dis so eenvoudig soos dit.

"Die veldwerker tree instinktief op, soos hyself sy beplanning doen. Hy het sy eie beweegredes. Hy sal nimmer vir die generaal sê hy het geweld gebruik of gemoor nie. Doen hy dit, is hy op sy kop uit," sê kol. Joubert.

Het hulle, die "veldwerkers", dan nooit onder mekaar gesels nie? Was daar nie sulke praatjies in die offisierskroeë nie?

"Eugène de Kock en Dirk Coetzee (gewese Vlakplaas-bevelvoerders) weet dat wat hulle aangevang het, op eie inisiatief was. Geen generaal sou hulle opdragte gegee het om mense te skiet en lyke te verbrand nie."

● Kol. Joubert het geheime verslae oor sy veldwerk as agent D-000 aan Rapport ter insae gestel. Hy het hom destyds as graanmakelaar op Zeerust voorgedoen en het onder dié voorwendsel dikwels in Gaborone, Botswana, aangedoen. Name van twee politici wat hoog in die ANC-regering staan, kom daarin voor.

Een word op 6 Mei 1976 deur 'n "bron" (V 149) genoem as die man wat deur die ANC en PAC daarvan beskuldig word dat hy "verantwoordelik is vir die onlangse inhegtenisneming van 50 terroriste in die RSA". In daardie stadium het die persoon hom in Swaziland bevind.

Die ander een word in 'n verslag van 20 April dieselfde jaar deur die bron uitgewys as iemand wat beskuldig word "dat hy 'n onbekende bedrag geld van die ANC verduister het".

'n Oud-minister in oud-premier John Vorster se tyd word ook daarvan beskuldig dat hy betrokke was in groot korrupsie met boorkontakte in Botswana.

Op 7 Februarie 1976 berig agent D-000 dat hy oor betroubare inligting beskik dat bloedige onrus in Soweto op hande is oor Afrikaans wat as voertaal aan skole opgedwing word.

"My hoofde het dit afgemaak as bog en van die tafel gevee. Toe bars geweld op 16 Junie daardie jaar uit," sê kol. Joubert.